

## DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

20 Maart 2020



### ONS IS NIE GEREED VIR COVID-19 NIE

Geskryf deur Dawie Roodt, Hoofekonoom van Efficient Group (Oorspronklik gepubliseer in Rapport,

**Ons is nie gereed vir hierdie krisis nie. Ons het nog nie eens 'n geneesmiddel vir ons beleërde staatsondernemings gekry nie en nou sit ons met 'n virus genaamd "korona", nogal.**

As jy net 'n paar maande gelede die woord "korona" gesê het, sou ek gedink het jy praat van 'n bier. Nou weet ons almal ons praat eintlik van die grootboet van alle pandemies.

Verskeie mediahuise het al hierdie ongelooflike pandemie as die einde van die wêreld soos ons dit ken beskryf. Dit is 'n enorme krisis.

Wêreldmarkte is besig om te struikel. Indekse ervaar beduidende onstuimigheid ter waarde van honderdmiljarde dollars per dag. Beleggers is paniekbevange, beleidsmakers sit met hul hande in hul hare. Almal van ons ervaar reeds die kumulatiewe impak op die wêreld se ekonomie en die internasionale finansiële markte. Maatreëls word getref, gebeurtenisse word gekanselleer, reise word uitgestel en die markte steier. Skole is gesluit, maar dit is alles waarskynlik nog maar net die begin van al die lesse wat ons gaan moet leer.

#### Lesse van vorige krisis

Dit is onmoontlik om akkuraat te skat wat die uiteindelijke impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie sal wees, maar ons kan leer uit vorige krisis. Maar eerste moet ons erken dat ons ekonomie reeds na die waakeenheid op pad was al lank voor die koronavirus aangekom het, weens 'n gebrekkige en verwoestende regering.

#### Dít kan ons verwag:

##### Negatiewe groei

Met of sonder die koronavirus het ons verwag dat daar baie swak ekonomiese groei in die eerste kwartaal van 2020 sou wees. Maar met die uitbreking van die pandemie gaan ekonomiese groei in die eerste kwartaal amper vir seker weereens negatief wees.

Die impak van die krisis was meesta aan die einde van die eerste kwartaal, so verwag 'n inkrimping van sowat 2%.

Gegronde op die ervaring met vorige krisisse gaan die tweede kwartaal die een wees waar ons die swaarste gepak word. 'n Enorme inkrimping van sowat 6%, indien nie meer nie, kan verwag word. Ná 'n aaklige tweede kwartaal sal die derde kwartaal egter baie beter wees, deels omdat dit min sal verg om 'n verbetering teenoor die tweede kwartaal aan te teken. Ons verwag dat daar 0%-groei in die derde kwartaal sal wees. Teen die vierde kwartaal sal dinge weereens heelwat beter lyk en ons modelle stel voor dat daar dan ekonomiese groei van sowat 0,5% sal wees.

As hierdie vooruitskattings akkuraat is, sal ekonomiese groei vir 2020 op -1,8% of minder neerkom.

Onthou dat die eintlike syfers nie so belangrik is as die algehele patroon nie. Wat duidelik is, is dat daar doodeenvoudig geen ekonomiese groei in 2020 gaan wees nie. En dit sal daartoe lei dat verskeie ander ekonomiese aanwysers ook steier, soos staatskuld, die begrotingstekort, die tekort op die lopende rekening en die verhouding van skuld tot die bruto binnelandse produk (BBP).



## DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

### Beleidsreaksie

'n Agteruitgang in die bogenoemde veranderlikes sal 'n kredietafgradering onvermydelik maak. So wat kan ons ten opsigte van 'n beleidsreaksie verwag?

'n Voor die hand liggende reaksie sal wees om korttermynrentekoerse te besnoei. Ons meen die Reserwebank het ruimte om rentekoerse met sowat 50 basispunte en dalk selfs 'n volle persentasiepunt te sny. Ongelukkig sal ondersteuning deur middel van monetêre beleid waarskynlik nie baie kan doen vir die ekonomie self nie. Wat ons egter werklik nodig het, is beduidende fiskale ondersteuning.

Ons het nodig dat die staat belasting besnoei en selfs sy besteding moet vermeerder om die ekonomie te ondersteun. Maar ongelukkig is hierdie opsies nie moontlik nie.

Die rede hiervoor is duidelik: Die fiskus is jare lank wanbestuur. Staatskuld het nou onvolhoubare vlakke bereik en selfs voor die Covid-19-pandemie was die begrotingstekort 7% van die BBP.

Die regering moes die moeilike besluite geneem het om die agteruitgang in die fiskale rekeninge te takel toe ons nog die geleentheid gehad het. Maar in plaas daarvan om verantwoordelik op te tree, het die regerende party - gedryf deur idiotiese ideologie, wanbestuur en kaderontplooiing - die staatsfinansies in die wiele gery. Ons het nou geen fiskale vermoëns oor nie.



'n Soldaat van die Nepalese weermag wys hoe om toerusting aan te trek wat jou teen die Covid-19-virussiekte kan beskerm te midde van 'n verergerende uitbreking van die virus in dié land se hoofstad, Katmandoe. Foto: Getty Images

### Berei jouself voor

Een manier om risiko's te bestuur, is om te verseker dat jou portefeulje behoorlik gediversifiseer is - insluitend 'n beduidende diversifisering na die buiteland. Daar bly egter baie aantreklike beleggingsgeleenthede in Suid-Afrika oor. 'n Swak geldeenheid, sappige opbrengste en 'n likiede mark is almal aantreklike eienskappe van Suid-Afrika se finansiële markte. Maar moenie die fout maak om te dink ons was nie reeds diep in die gemors selfs voor die pandemie nie. Covid-19 gaan alles net vererger en daar is min wat ons daaraan kan doen. In plaas van die land eerste plaas toe ons nog die kans gehad het, was ons leiers meer behep met hul eie agendas.

Dit is doodeenvoudig hoekom ons nie op hierdie gemors voorbereid is nie.

